# Die WAPAD

**STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.**

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.

**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.

**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. - No. 1. 25 Maart 1949. 3/- per jaar.

# STAAN STIL . . . EN BESIN

## DIE BETEKENIS VAN DIE BRAND.

**Die eerste reëns het ontembare lewe in veld en vee gebring.**

**Die klompie perde kom by die kraalhek uit, bondel 'n oomblik deurmekaar . . . . en dan, met die spankrag van elke spier in sy soepel liggaam spring die voorste jongperd weg . . . . 'n uitgelate, dolle vaart van spierkrag en bruisende bloed; die woeste maanhare en stert lê styf agtertoe in die wind. Na 'n driehonderd tree van wilde kragloop word die vaart verminder; die reguit nek krom trots; die ore trek fyngespits orent; met wyd-trillende neusgate kyk hy die wêreld aan—uitdaging in sy wakker oë: ek skop agterop, ek jaag en jubel, want in my are bruis die bloed . . . .volbloed!**

So het ons ook teruggekeer. Uitgelate van opgeruimde geesdrif en trots in die blymoedige wete: ons gaan terug na die P.U.K. vir C.H.O. Ons is P.U.Kaners!

En toe, soos 'n jongperd in sy wilde vreugdeloop op sy hurke ingeruk word deur 'n skerp stang . . . so is ook ons tot stilstand geruk in ons terugwees—vreugde. Skielik het ons dit gesien—rookwolke krul en draai uit die hoofgebou se dak. Ons was verslae Want soos die jongperd die veld en sy ongetemde vryheid liefhet, so het ons die P.U.K. en ons studentelewe met sy hoogstuwende, en tog christelike jongmensvreugde lief. Dit is ons trots, want dit is ons s'n . . . en die hoofgebou, met ons wapen daarin, is die sigbare vergestalting daarvan. Die hoofgebou, uit wie se boustyl 'n warm en sterk persoonlikheid tot ons spreek, was voor ons oë aan die brand. Met dubbele krag het dit tot elke student gespreek: dit was te oorweldigend om dadelik te besef wát gebeur.

**Die hóófgebou aan die brand—dit het onmoontlik geklink. En tog, die rookkolomme was daar, die vuurtonge het hoog bo die dak uit baljaar. Daar was die brandweer; die haastige en byna verwarde gespartel van die biblioteek- en kantoorpersoneel—oom Kierie met 'n bloedklont op sy wit bles.**

Voor my geestesoog sien ek nog die gesig van Prof. Joon van Rooy. Sy diep-menslike gemoed kan nie sy leed verberg nie—wat dit vir hom beteken om die arbeid van soveel jare voor sy oë te sien vergaan, is duidelik op sy gesig te lees, . . . en dit roep 'n knop in 'n mens se keel.

En dan val die oog op die Rektor: Prof. Postma, regop—amper fier—en waardig soos altyd. Die lyne van sy streng gesig net sterker; die pyp rustig in die ferm mond. Wie hom al bietjie ken weet dat 'n groot en gevoelige hart agter die streng gelaat skuil—en hy voel sy eie hart ineenkrimp by hierdie groot man met sy groot leed! Hoeveel het sy liefde vir die P.U.K. vir C.H.O. en sy roepingsbewustheid hom nie deur die jare laat offer nie!

Prof. van Rooy kom by hom. Hulle lê handpalm in handpalm in 'n stewige strydmakkergreep: „Ferdinand, ons sal maar weer van vooraf begin" . . . en warm trane vloei oor die wange van Prof. van Rooy. Die sterk gelaat word net stroewer—die oë kyk net reguit en vaster. Die oomblik van aandoening is ontsaglik—nie 'n woord kom oor die sterk gevormde lippe nie. Selfs hierdie groot man het al sy wilskrag nodig om die trane te weerhou . Stadig en statig lig hy die hand . . . en salueer! Groot in sy groot smart.

**En toe het ons geweet, met 'n blydskap wat net diep-in sterk maak: hulle sal weer kán voor begin . . . in God se Naam en krag.**

Hierdie wete het die studente nie alleen met blwmoedigheid gewillige hande laat voeg by honderde gewillige hande van makkers wat reeds besig was nie, maar het ook die vertroue gegee om soos een man te sê: **ons bly hier, by die P.U.K. vir C.H.O.**

(Vervolg op bladsy 5, kol. 2).

LUCILLE
DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die
Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

Die Firma van
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**
Ook vervaardig ons
**FOTO-RAME.**

DAVY ROBERTSON
Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue,**
**Klerksdorp.**

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!
Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.
**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

**W. M. CUTHBERT**
Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**
Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
Apteker
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
* * *
**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

*Die Wapad.*

25 Maart 1949.

# DIEN U ALMA MATER

„P.U.K. is onder die universiteite klein, maar groots! Dien hom met ywer en toegewyde liefde en u dien terselfdertyd u God en u volk! Bid en werk . . . ja, dit geld ook vir die studentelewe! Wees opreg, regverdig, onbevooroordeeld, welwillend en beslis, vervul met liefde teenoor u medestudente. **Laat vaar die skeptisisme en wantroue wat daar onderling skuilhou en dra mekaar se laste in 'n gees van blymoedigheid . . . . en P.U.K. sal vir u waarlik wees: ‚my Alma Mater'"**

Dit was die afskeidswoorde van mnr. Jan van der Walt, ons S.R.-voorsitter verlede jaar aan die P.U.K.-studente. Dit wil ook die woorde wees waarmee ons u vanjaar verwelkom. In 'n gees van eenheid het ons vanjaar begin. Laat ons dan hierdie jaar eendragtig voortbou en ons beywer vir die naam van ons P.U.K. Laat persoonlike griewe plek maak vir die gemeenskaplike belange terwille van u eie geestelike ontwikkeling. Laat ons in lewenswandel en in daad getrou bly aan ons lewensbeginsel: In U Lig.

**Aan die eerstejaars:** Aan julle word die toekoms van die P.U.K. toevertrou. Deur gebrek aan ontgroening groei die liberalistiese element jaarliks aan. Maar ons sal, desnoods met geweld, hierdie verwateringsproses demp. As julle Calviniste is en ware P.U.Kaners wil wees, verwelkom ons julle met ope arms as toekomstige kampvegters. Indien julle ongeag van die P.U.K. beginsels die lewe hier op **liberalistiese** wyse wil geniet: **onthou, gesamentlike studente optrede sal die lewe vir u vergal! Wees gewaarsku!**

# AAN ALLE EERSTEJAAR STUDENTE

Ons as senior studente wil julle almal hartlik welkom heet waar julle nou as P.U.K. studente ingeskryf is. Ons sou alles gedoen het om julle meer tuis te laat voel, maar ongelukkig is julle in die betreurenswaardige posisie dat julle nie ontgroen was nie, want **deur ontgroening leer julle nie net mekaar maar ook die oud-studente ken en dit is een van die mees fundamentele vereistes vir 'n gesonde studente-lewe.** Julle kan nie verwag dat die senior studente wat ontgroening of altans 'n behoorlike inlywing deur gemaak het, julle soos gaste moet verwelkom nie. Dat julle deur hierdie gebrek aan ontgroening in 'n moeilike posisie veral t.o.v. die studente-lewe geplaas is, is beslis waar, en gevolglik hang dit uitsluitlik van julle self af of julle in die studente-lewe opgeneem gaan word, want alleen diegene wat aan die volgende aanpassingsmetodes gehoor gee kan hoop om later **ware** P.U.K.-studente te word.

Ten eerste moet julle onthou dat die senior studente langer dan julle hier is, m.a.w. hulle is mense met weer ondervinding en ervaring en gevolglik is dit 'n vereiste dat julle hulle moet **respekteer en eerbiedig.**

Verder bestaan die studente-lewe nie uit 'n klomp los groepies nie maar ons verkeer hier op die P.U.K. saam asof ons almal aan 'n groot **familie** behoort, waarvan julle die minderjariges is **maar allermins die wat bederf word** en gevolglik moet julle probeer om mekaar te leer ken en jul meerderes te verstaan. Ook moet julle verwag indien julle van die regte weë afwyk om die nodige opvoedkundige tug te ontvang.

Dit is die plig van elke eerstejaar student om aan die sport en verenigingslewe, asook aan die aktiwiteite van die universiteit deel te neem. Hierdie plig moet aangeneem word tesame met die voorregte verbonde aan lidmaatskap van die Universiteit en die veelvulige voordele wat daaruit spruit.

Mag julle met alle erns jul bes probeer om ware P.U.K.-studente te word en dan sal die senior studente weer hulle plig teenoor julle nakom om julle op te neem in die ware studente-gemeenskap.

# KORRESPONDENSIE

Geagte Redakteur,

Wat is vandag die grootste gevaar wat ons studentelewe bedreig? Dit is seker 'n vraag wat menige P.U.Kaner al gevra het. As die oudstudent dit vra dan sien hy dit in die verbreking van 'n tradisie wat hy help bou het en help voer het na hoogtes wat P.U.K. kon maak 'n Alma Mater van naam. P.U.K. kon vir sy studente gee wat geen ander universitêre inrigting in Suid-Afrika nog ooit kon gee nie. As ons ouere studente, die manne wat alreeds aan die vooraand van hul afskeid na lange jare aan die P.U.K. staan, dan vandag vra wat die grootste gevaar is wat ons studentelewe bedreig, dan bedoel hul ook daardie tradisie wat stadig besig is om in ons studentelewe verteer te word en waarvan hulle al die eerste wonde aanskou het. En as die jonger student na die gevaar vra, dan soek hy na 'n verlore tradisie waarvan hy maar net iets hier kon vind. As 'n eerstejaar probeer soek na 'n gevaar dan weet hy nie waar om te begin nie en sy Matrieksertifikaat stel hom ook nie daartoe instaat nie.

Maar tog, 'n Vreeslike gevaar word met blokletters bo die deurkosyn van ons studentelewe geskryf. Daar bestaan die groot gevaar dat die eerstejaars sal mishandel word. Is dit te erg gestel geagte redakteur? Duidelik staan dit mos voor in die Jaarboek: „Ontgroening aan die P.U.K. vir C.H.O. is verbied. Dit sluit ook in die reis van studente van en na Potchefstroom. Persone wat hulle aan hierdie oortreding skuldig maak, kan as studente geskors word."

Ja, so is 1949 begin. En alreeds in die paar algelope weke was dit vir elke seniorstudent duidelik dat daar iets skort. Daar is 'n kiem aan die ontwikkel wat moontlik in die komende jare die grootste komplikasies mag hê. Daar is die gevaar van 'n onhegte studentegemeenskap omdat **ons mekaar nie sommer van die eerste dag af leer ken nie. Is dit nie asgevolg daarvan dat die studentemassa met die Studenteraad aan die spits seker dinge nie mag doen die?** En as ons bevestigend op hierdie vraag antwoord dan kan ons die gevaar van 'n lamlendige gees aan die P.U.K. nog beter verklaar deur 'n verdere oorsaak: **Die eerstejaars maak misbruik van die dinge wat die seniorstudente nie mag doen nie.**

**Dit is hierdie koudheid, traak-my-nie-agtigheid wat nie aan 'n eerstejaar die reg verleen om uit volle bors te sê: „Ek het P.U.K. lief en ek het sy beginsels lief" nie. Dit is omdat hulle nie die eerste dag op hul Alma Mater 'n sekere tradisie gevind het nie, maar slegs die laaste stuiptrekkings daarvan.**

Onder hierdie omstandighede moet ons die komende jare ingaan en so sal vanjaar se eerstejaars as hul die dag seniors is, sal hulle al verder en verder weg van ons P.U.K.-tradisie wees totdat . . . . **Wel, sal dit nie wees totdat „In U Lig" gou in gevaar sal staan om in die buitewêreld en onder onsself 'n gerieflike spotterny te word nie? Sal die P.U.K.-beginsels nie naderhand plek maak vir honderdtalle inskrywings by die kantoor nie?**

Maar ons kan nog die ontaarding keer en aan ons tradisie red wat daar nog te red is. Laat ons dan so spoedig as moontlik as 'n studentemassa optree en alle moontlike mag tot ons beskikking gebruik. Wat eerstens nodig is, is offervaardige bereidheid van almal, veral die eerstejaars, almal, sonder die uitsondering van een P.U.Kaner.

Hoogagtend, die uwe
V. E. D'ASSONVILLE.

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
**ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.**
**Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.**
**UNIEWINKELS BPK**
**KERKSTRAAT 45.** **FOON 22-4746.**
Johannesburg.

**BLACK'S**
DAMES EN MANS
UITRUSTERS
* * *
**Posbus 197.** **Foon 179.**
**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.
**KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.**

KOM NA
POTCHEFSTROOM
**HANDELAARS**
Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.
**Fone: 259 & 250.**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

*Studente!*
As u gaan Fliek, of in die dorp kom
BESOEK
**ASTRA MILK BAR**
**(LANGS DIE GRAND).**
DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

## STERKTE

'n Spoedige herstel word die biblioteek van die P.U.K. toegewens. Mag dit die studente nie aan vuur ontbreek nie. Sterkte in die nuwe jaar. „Voor in die Wapad brand 'n lig."

**KRITZINGER VAN KERKSTRAAT**

* * *

Volledige adres:

# J.N.J. KRITZINGER

FOTOGRAAF

**ROYAL HOTEL-GEBOU,**
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**POTCHEFSTROOM.**

N.S.—Ons ontwikkel ook films en maak afdrukke en vergrotings van u negatiewe. Kyk gerus na die gehalte.

KRITZ.

## ANELLAS

**vir**

**ALLES EN NOG WAT.**

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.

# P. H. JOB

**King Edwardstraat 51,**
(oorkant Queen's Hotel)
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 1031.

* * *

Agent ELECTION horlosies

**Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.**

VIR EERSTEKLAS REPARASIES EN GRAVEERWERK.


# Oordenking.

**„Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs."**
(Pred. 1: 2).

Begin u ook miskien hierdie studiejaar met die vraag op die lippe: Is alles tevergeefs, ydel en sonder nut? Is daar glad niks bestendigs onder die son nie? Is alles net 'n vermoeiing van die vlees, 'n tevergeefse moeite?

Aanskou die lewe in sy eenvormige wisselgang, die natuur in sy voortdurende sirkelbewegings en u sal ook uitroep: „daar is glad niks nuuts onder die son nie!"

Wat baat dit die mens dat hy hom vermoei en afsloof? Sy moeitevolle arbeid bring aan hom geen vrede, geen geluk, geen voordeel. Kyk, die son kom op en gaan onder en hy hyg steeds na die plek van sy opkoms; so ook die daaglikse lewe: Die mens hyg onder die sware druk van arbeid en kwelling oor die lewe. Reeds in sy jeug al is die mens sat vir die lewe en sy moeite.

**Sommige probeer om die lewe en sy smart te ontvlug, ander soek naarstiglik na 'n oplossing. Wat doen u persoonlik?**

Ontvlugting baat niks! U sal steeds hygend die koms van elke rooidagbreek tegemoet gaan! So sal u ook tevergeefs die lewe met menslike kennis en tegniek deursoek. U sal geen oplossing vind; u wetenskapsbeoefening sal ook tevergeefs wees, 'n gejaag na wind!

Moet u nie eerder uitstyg bo die aardse om so van bo af 'n blik te verkry? As u dié genade ontvang, sal u merk wat u die Raadsplan van God van onder af besien het—dit was soos 'n borduurlap van die verkeerde kant gesien: 'n bonte mengelmoes van drade deureengestrengel—maar nou zwei voor u oog die patroon van Gods ewige Raad sig ten toon en merk u duidelik sy doel met u, ook met die gebeurtenisse wat u ten deel val waarin nie net vreugde en geluk, maar ook teleurstelling, verdriet, krankheid en ellende vir u opgesluit is. 'n Doel wat uitsluitlik gaan om Gods eers en ons beswil.

Christus is dit wat ons die sleutel aanbied ter oplossing van ons probleme en van die lewensraaisels: **„Kom na My toe . . ."** en: **„Ek is die weg en die waarheid en die lewe . . ."**

Pak dan blymoedig die taak van die nuwe jaar aan en streef met hernude ywer om 'n lang gekoesterde ideaal te vervul, maar vergeet nooit dat u **slegs in Sy lig die lig kan sien.** Onthou egter ook dit: Sonder Hom sal u lewe koud en doelloos wees, sal u studies 'n gejaag na wind wees en sal ook u uitroep: „Dit is alles tevergeefs."

M.W.

## *IN EN OM DIE P.U.K.*

Dit is vir ons besonder aangenaam om **Ousus (Mej. M. Coetzee)** in ons midde as Matrone welkom te heet. Die lekker kos wat ons geniet sedert sy hier is, getuig van die feit dat sy haar plek hier vol staan. Nogmaals hartlik welkom!

Ons bring ons hartlike gelukwensing oor aan **Mej. Lida Geertsema en Mnr. Flip Snyman,** asook aan **Mnr. Frikkie Kuun,** wat die afgelope vakansie verloof geraak het.

### *EIN MENSCH.*

*Ein Mensch erblickt das*
*Licht der Welt,*
*Doch oft hat's sich heraus-*
*gestellt,*
*Nach Manchem trüb ver-*
*brachtem Jahr,*
*Dap dies der einz'ge Licht-*
*blick war.*

„Gee aan die vark wanneer hy knor en aan die kind wanneer hy huil; dan sal jy 'n goeie vark en 'n slegte kind hê."—**Anon.**

* * *

Talente word in die eensaamheid ontwikkel maar karakters in die volle stroom van die lewe.—(Goethe).

# KAAPSTADSE KONFERENSIE

Teen die einde van verlede jaar het die S.R. saam met **alle** ander universiteite, 'n uitnodiging ontvang van U.K. na 'n interuniversitêre konferensie te Kaapstad. Die doel van die konferensie was om eenheid te verkry tussen **alle** universiteite.

Omdat ons S.R. vermoed het dat ook Fort Hare en Sastri sorteer onder die „alle universiteite," het ons saam met alle Afrikaanse Universiteite die voorwaarde gestel dat sodanige konferensie **op 'n blanke grondslag plaasvind.** Dit is voorlopig toegestaan. Op die voorlopige konferensie was die strydpunt genoemde blanke grondslag.

**Die standpunt ingeneem deur P.U.K. was: Samewerking met die Engelse universiteite op 'n federale basis, met die verstandhouding dat ook die Engelse universiteite segregasie streng sal toepas.** Hierin is ons gerugsteun deur U.P., U.K.O.V.S. en Stellenbosch. Wits, Kaapstad, Rhodes, Durban en Pietermaritzburg het eerste onverbiddelik stelling ingeneem ten gunste van akademiese gelykstelling. Op hierdie strydpunt het die voorlopige konferensie skipbreuk geloop.

Die Afrikaners wou geensins deelneem aan die konferensie wat op die voorlopige konferensie gevolg het nie, aangesien die blanke grondslag daar prys gegee is.

Die Afrikaanse Universiteite het baie duidelik gestel dat hulle die naturelle 'n eie aparte studente-organisasie gun.

Nieteenstaande bogenoemde verloop van sake het die Afrikaanse Universiteite daarin geslaag om instemming te verkry van die Engelse universiteite tot 'n tweede konferensie op blanke grondslag wat gedurende 1949 te Bloemfontein gehou sal word.

Namens P.U.K. ons dank aan alle Afrikaanse universiteite wat so eensgesind saam met ons gestry het. In besonder ons dank aan mnr. Gerrit Viljoen van U.P. vir die bekwame wyse waarop hy die saak van die Afrikaners gestel het.

BEN LOMBARD.

---

Daar is mense wat ander lei juis omdat hulle bevrees is om gelei te word. (—H.)

(Vervolg van bladsy 1, kol. 3).

En tog, nadat alles verby was; na die eerste dae wat verbygegaan het met sterk en tog teer emosionele gevoelens, het 'n enkele gedagte telkens alles binne-in omgeroer . . . **WAAROM?** Selfs nou, byna 'n maand later —wie sal dit met sekerheid beantwoord?

**Waarom juis die P.U.K. vir C.H.O., enig in ons land; die P.U.K. met sy grootse roeping?**

**Waarom in hierdie kritieke tyd van sy bestaan?**

Ons weet: alles werk mee ten goede vir die wat glo . . . . maar tog kan ons nie die gedagte afskud nie dat God ons met hierdie gebeurtenis dringend toegeroep het: STAAN STIL!.

## Kennisgewing.

**Volgens 'n besluit van die Hoofbestuur van die A.S.B. moet elke universiteit een uitgawe van sy studenteblad per jaar aan die A.S.B. afstaan. Ons volgende uitgawe staan ons aan die A.S.B. af. —(Red.)**

Soos leisels wat hard ingeruk word, so ruk die gebeurtenis en sy waarom ons tot stilstand. Laat ons rekenskap gee—ja, óók elke student: Besef ons die roeping van die P.U.K. vir C.H.O., en dus ook die roeping van elke student? Soek ons waarlik op elke gebied van die wetenskap **positief** die eer van God? Ons lewe as studentegemeenskap, dra dit onmiskenbaar die stempel van 'n Calvinistiese lewensbeskouing? Ja, die Calvinis het sy eie sober en tog diep vreugdevolle lewensstyl. Word dit nog by ons gesien?

Ons wil hoop dat elke student waarlik in die geknetter van die vlamme die roep gehoor het: Staan stil . . . . en besin weereens voordat jy hierdie jaar begin! WAAROM IS JY PUKANER?

Ons kan m.b.t. die onvergeetlike dag nie anders as om te dink aan die woorde van Openb. 3: 20: **„Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop."**

Die brand het aan ons ons eie liefde vir die P.U.K. geopenbaar . . . mag dit ons ook ons roeping t.o.v. die C.H.O. laat besef.

**STAAN STIL . . . en BESIN!**

J. J. VAN DER WALT.

**GILFILLAN EN STROH**

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN FIETSREPARASIES

**CORNER FRUIT STORE**

VIR

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

**HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.**

**Foon 118.**

**W. A. VENTER**

**HORLOSIE-MAKER en JUWELIER**

**Kerkstraat 130,**

**POTCHEFSTROOM.**

Ons is direkte invoerders van enige soort horlosie en klokke, sowel as hulle onderdele wat ons altyd in groot voorrade het.

**Ook WAX, ROAMER en ELECTION HORLOSIES hier verkrybaar.**

**SELMA'S TEE-KAMER**

**KING EDWARDSTRAAT 87.**


**Foon 933.**

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.




## Die Alibama Boereorkes.

Watter genot is dit om in 'n orkes, en daarby nog in die Alibama, te speel nie! Dit is hier waar spangees tot in sy diepste wese tot uiting kom, want ons oefen en speel almal saam in een gesamentlike optrede. Daar is niks wat groter plesier verskaf as om te dink dat elkeen uit sy „siter" daardie geluide haal wat die ander aanvul om een strelende harmonie te vorm; ag ja, daar is somaar 'n glimlag op elkeen se gesig as hy sy siter so kielie—geen wonder dat die voete ook nie kan stilstaan nie . . . die drom het amper nie nodig om die tyd aan te gee nie.

**Jy sê die Alibama is dood! Ou vriend, jou onkunde is groot. Wag net tot met ons eerste optrede, en stel dan vas of die Alibama selfs maar siek is.**

Baie konfidensieel kan ons intussen aan jou meedeel dat die Alibama lanklaas soveel lewe getoon het. Ons het vanjaar 'n verskeidenheid instrumente en ander talent wat enige ander Boereorkes se mond sal laat water. Wat die lede betref, is hulle weer net so entoesiasties as al die jare tevore—iets wat immers 'n ou kenmerk van die Alibama is.

**Dan sê jy ons sal nie kan toer nie! Vriend, ontneem die Alibama sy wintertoer, en waarmee sal die lede hulle hande warm hou?** Vir jare al is dit die tradisie van hierdie orkes om sy volksgenote op musiek te vergas, en waarom sal ons nou juis die tradisie breek? Elke jaar kom die Alibama terug met iets goeds vir die P.U.K.: goeie propaganda . . roem . . . 'n ietsie vir die klubsaal, en waar ons nood vanjaar so groot is, gaan ons beslis iets vir die biblioteek ook haal.

Dit gaan ons doen omdat ons leuse is: diens. So dien ons ons Alma Mater, maar ook ons mede-studente gaan ons, dien! Met intervarsities sal ons die laaste wees wat nie gaan help nie. By sing-songs en volkspele sal ons ook nie onbekend wees nie, en dit is maar enkele van die baie terreine. Maar dan weet ons dat ons ook die nodige morele steun en simpatie van ons mede-studente geniet. Kom nou, die van u wat nog instrumente kan bespeel, maar wat dit vir ons verswyg, daar is nog plek in die orkes.

**Ons kyk vooruit na hierdie jaar wat ons gaan geniet, singende en laggende, maar waarin ons soos altyd, en soos alle Pukke doen, ons Alma Mater gaan dien.**

ALWYN SMIT.

* * *

Die vrygewigste man is die een wat niks het om te gee nie.

## P.U.K.-Toneelvereniging.

Dit is ons doel om hierdie vereniging een van die kultuurvestings op P.U.K. te maak, en vanjaar het ons groot skemas in die vooruitsig gestel. Ons gaan eerstens daarop konsentreer om 'n goeie vertoning te maak op die F.A.T.S.A.-kompetisie vir eenbedrywe, en tweedens word 'n uitgebreide toer beoog in die wintervakansie. Die doel van hierdie vereniging is om liefde vir die toneel aan te wakker, en daarom moet die lede goed begryp dat nie alleen spelers nut daaruit kan trek nie, maar alle belangstellendes—ons wil interessante programvergaderings hou met items en lesings. Almal kan hier geestelik verryk word, al kan hulle nie self deelneem nie. 'n Groot aantal persone sal na alle waarskyn-

(Vervolg op bladsy 10, kol. 1).

*Wanneer u*
OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# SPORT

Daar die sporseisoen tans in aanvang neem, wens die redaksie hiermee 'n ernstige beroep op elke klub te doen om gereeld verslae aan die betrokke redaksielede te oorhandig. Die sekretaris(esse) van elke klub sal die aangewese persoon daartoe wees.

* * *

**ATLETIEK.**

Hiermee wens ons, namens die atletiese klub, om die atlete wat so vrywillig en manmoedig was om met so min afrigting en tyd deel te neem aan die Wes-Transvaalse byeenkoms, hartlik te bedank en geluk te wens vir die prestasies wat hulle behaal het.

Die volgende persone het plekke verower:

**Bo 19: H. Boshoff** derde plek in die 100 treë; **W. Brink** tweedeplek in Driesprong, **N. Grobler** derdeplek in spiesgooi, **S. Rousseau** derdeplekke in 440 treë en hoogspring, **J. Steenekamp** tweede plek in die 440 treë.

**Onder 19: A. Nel** eerste plek in die 220 treë hekkies, **P. Viljoen**, eerste plek in die verspringnommer en **N. Snyman** derde plek in die 440 treë.

Die P.U.K. byeenkoms wat weëns reën vertraag moes word sal so spoedig moontlik plaasvind met die oog op die Dalrymple.

* * * *


**TENNIS.**

Die eerste wedstryd het al plaasgevind! Die inwoonsters van die berg van die skones (Thabajäh) moes tenspyte van hul skoonheid swig voor die gevaarlike aanslae op die tennisbaan van die inwoonsters van die Groot berg (Nkulu). (Ons hoop net dat hulle nie werklik so groot is nie! —Red.) Thaba Nkulu is dan ook die trotse besitsters van die wisselbeker. (Jan Kwê is die kunstenaar wat dit met sy verfkwas op 'n ou drinkbeker kon daarstel.—Red.)

Op die gebied van tennis verwag ons vanjaar veel, daar dit die spel is wat die meeste op die P.U.K. gespeel word. Die tennisklub het nog elke jaar met intervarsity deeglik rekenskap van homself gegee, en hierdie prestasies kan vanjaar herhaal word.

(Hokkie .. vervolg bls. 8, kol. 2).

Die Sportman se Sigaret...




SPRINGBOK

10 · 20 · 50, MET OF SONDER KURK

U/SPK.

**Rita:** „Monica maak toe die deur! Is jy in 'n kerk gebore?"

**Monica:** „Nee, my pa is 'n predikant."

* * *

Met nuwe regerings kom nuwe planne van aksie. Vergelyk maar die nuwe A.B.K.K. wat wil wegdoen met die ou „rugged individualism" en groepspyker propageer.

* * *

**Bul** (11:15 nm. van Heimat af): **Fires!**

**Fires** (van fleuel af): „Jaaa!"

**Bul:** „Hier's nie foon vir jou nie!"

(Vir die inligting van die leser: Bostaande is 'n grap!—(Red.)

**M. B. BLOCH**

**KERKSTRAAT.**

HUISRAAD, STOWE

en

STOOFPARTE

**C. VAN DER MERWE**

**KERKSTRAAT 92,**
**POTCHEFSTROOM.**

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.

**DRIE BEROEMDE**
**1/6 GENEESMIDDELS:**

**Alma Hartdruppels,**

**Metafos: die groot senuweeversterker,**

**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**

**S. M. LEWIS, BPK.,**
**APTEKERS,**
**POTCHEFSTROOM.**

**P. GROBBELAAR**
**FOON 331.**

**KING EDWARDSTRAAT 114,**
**POTCHEFSTROOM.**

PRAKTIESE SNYER

EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.

## SPORT.
(Vervolg).

### HOKKIE.

Die hokkiespelers(sters) beroem hul daarop dat hul die enigste klub aan die P.U.K. is wat in Wes-Transvaal jaarliks alle teenstand wegvee. Mooi so! Net soos in die verlede het die klub weer groot planne vir die jaar. Hoogswaarskynlik sal daar gedurende Juliemaand 'n **tussen-universitêre hokkietoernooi** (mans en dames) **op Pietermaritzburg** plaasvind. Op sigself is dit al genoeg om elke Pukkie aan te spoor om sy (haar) beste te lewer. Ons kan hul al byvoorbaat gelukwens met die louere wat hulle weer vanjaar gaan inoes. Maar dan moet elkeen sy (haar) plig doen en gereeld met alle erns kom oefen. Dit geld tewens ook vir elke klub.

Beide hokkieklubs is vol moed vir die jaar, ten spyte daarvan dat baie van die ou helde weg is. Maar dis die gees wat ons van elke Pukkie verwag.

**Mevr. Loods** word hiermee ook welkom geheet vir haar aktiewe deelname in hierdie spel en vernaam waar sy ingewillig het op die afrigting waar te neem.

* * *

### VOETBAL.

Alle oë is soos gewoonlik weer vanjaar op hierdie sport gerig. Vanjaar is 'n besondere groot rugbyjaar vir Suid-Afrika. Daarom ook 'n groot rugbyjaar vir die P.U.K., want die vraag is: watter Pukke gaan vanjaar die eer hê om teen die All Blacks te speel?

Die gees op die voetbalveld is baie mooi en dit voorspel vir ons die goeie.

Ongelukkig is die onder-19 liga afgeskaf weens gebrek aan kompiterende spanne. Maar ons onder-negentiens is vanjaar uitstaande en met die twee intervarsities op 21 Mei en 4 Junie sal hulle dit bevestig.

Die "Navy" en "Fires" (lank leef beide Fires: kaptein en span!) het vanjaar genoeg en bekwame spelers en as hulle net hul plig op die oefenveld doen, dan sal die ou-ou tradisie dat die bekers in daardie liga net by die P.U.K. tuishoort, vanjaar herbevestig word.

**Maar alle oë is op die Theos gevestig.** Hier wil ons dan sommer uit die staanspoor vir **"Stoney" (Theos.**

(Vervolg op kol. 3).

**kaptein van 1945)** en **Org Haupt van Springs** hier verwelkom, om nie eers te praat van al die ander manne nie. Ons sien hulle al met die bal baljaar!

**Verlede jaar se Theos het byna die Blaine-beker verower. Vanjaar moet en gaan dit Puk toe gebring word. Talent ontbreek hier vanjaar glad nie en elkeen wat Theos wil speel, sal sy plek moet oopveg en elke wedstryd sy uiterse beste lewer om daar te bly.**

Intervarsities? Vanjaar wil ons liewers op P.U.K. wees as op U.P. of U.K.O.V.S.

Fires wens ook van hierdie geleentheid gebruik te maak om 'n beroep te doen op elke speler aan die PU.K. om sy gewig ten volle in te gooi. Veral moet hulle die oefeninge getrou by-

(Vervolg op bls. 9, kol. 2).

**W. J. GRAHN**
HAARKAPPER.

DIT IS DIE STUDENTE
SE HAARKAPPER.

*Hier kry U Diens!*

* * *

**LANGS DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.**

WAAROM MEER BETAAL—
EGTE STOOTKANT
GHOLFSKOENE
sonder Spykers vir
**29/9**

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

VAN BLOMMESTEIN'S
**BOTTELSTOOR**
**NUWE GEBOUE**
(Regoor Standard Bank)
**King Edwardstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."

Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!

KRY DIE BESTE !

## MOENIE LEES NIE.

Maar waarom lees u dan? Kan u dan nie sien dat hier uitdruklik staan dat u dit nie moet doen nie?

Ek het werklik gedink dat u darem soveel selfbeheersing besit.

Toe, probeer nou. Hóu nou hier op. Al wat u verder lees maak u van uself 'n gek. Moenie 'n pappert wees en hou nou net hier op. Sê vir uself: Ek kan mos myself bedwing!

O wêreld, kyk, nou tot waar het u al gelees en getoon dat u 'n gek is sonder selfdissipline!

Weet u wie die outeur van dié stuk is—u moes opgehou het voor u dit wou uitvind.

Moet dan nie lees waar u nie moet lees nie.

### HUL MOES NA DIE P.U.K.

Hul moes na die P.U.K.
Om daar te gaan studeer . . .!
Geen mooi woord van 'n „ou heer",
Geen hulp van 'n moeder.

Hul het baie gesoek.
Gevra na 'n boek.
Hul het baie gegrens,
Gevlug oor die grens.

Maar niks het gehelp.
Onder hul was geen held.
Hul moes na die P.U.K.
Om daar te gaan studeer . . .!

FERDI BOTHA.

(Arme ding: Sal sy mamma sonder haar seuntjie kan klaarkom.—Red.)

(Vervolg van bls. 8, kol. 3).

woon sodat hulle instaat sal wees om elke wedstryd met gemak te kan volhou.

Ook wil ons 'n vriendelike en dringende beroep op alle non-spelers doen om die wedstryde op die Park te ondersteun. Of dit nou die „Theos" of die „Tekkies" is, moet alle Pukke, dames en here daar wees om hulle oor die doellyn te skree. Dit is mos lekker om so 'n bietjie opgewonde te raak, of nie!

Ons kan hier net byvoeg dat alle eerstejaars volgens die besluit van die Studenteraad ons wedstryde moet bywoon en hulle morele steun te gee. En die geleentheid daartoe sal ons almal kry as die Pukke op 2 April die wenners van verlede jaar, Blyvooruitsig, op die Park gaan kafdraf!

* * *

### INTERVARSITY.

**Pukkies, die intervarsities vind nie net op die sportvelde plaas nie, maar ook op die pawiljoen. Daarom moet elke P.U.K.-student sonder enige uitsondering ons sangoefening bywoon wat elke Woensdagaand om 6.45 plaasvind. Ons versoek julle dit vriendelik dog dringend, want ook op die pawiljoen is die eer van u Alma Mater op die spel.**

* * *

### KORFBAL.

As ons die naam hoor dan dink ons altyd aan daardie pak van 95—22 wat die Tukkies verlede jaar hier op die lyf geloop het. Dit brand hul nou nog!

(Vervolg op bls. 11, kol. 1).

*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.
* * *
Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.
* * *
ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
**Die Mans Klerewinkel.**

**KOM SIEN ONS**
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.
GEEN EN VELLEMAN,
**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

**ELKE DAG VARS**
**TURKSTRA SE BAKKERY**
BROOD EN
ALLE KOEKSOORTE.
RAADPLEEG ONS VIR
BRUIDSKOEKE.

*LEES*———
Die Westelike Stem
Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word
vir Wes-Transvaal.
———:o:———
SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

(Vervolg van bls. 6, kol. 3).

likheid die geleentheid kry om deel te neem aan ons opvoerings vanjaar.

Maar u moet almal besef dat ons niks kan doen sonder die lede se ondersteuning nie, en ons doen 'n beroep op alle belangstellendes, insonderheid die eerstejaars, om u kragte hier te kom inwerp. Help mee om nie alleen ons kollege ekonomies nie, maar ook ons kulturele lewe, deur middel van ons studenteverenigings, sterk te maak.

## LESERS!

Ondersteun ons Adverteerders.

## 'N EERSTE INDRUK.

Die voorsmaak was erg genoeg om 'n bitter smaak in enige goeie mens se mond te laat kleef vir 'n onbepaalde tyd. Waar het jy al groter vermetelheid aanskou as om 'n Matrikulant te hiet en te gebied asof hy 'n wafferse junior is!

Wie is ek? Wie is jy? Vanwaar kom jy? Wie is daai ou? Om sulke vrae aan 'n man te stel wat sy matriek tweede graad geslaag het!

'n Goeie indruk maak dit beslis nie. Maar dit is nog nie die ergste nie; die Hoofgebou word aan die brand gesteek en dan moet die Eerstejaars ook help doodspuit en natgooi en vang en wegdra en na die hele vernietiging word daar nie eers een medalje vir dapperheid toegeken nie. Gelukkig behou 'n mens nie altyd die eerste indruk as 'n enige nie. Stadig het dit tot die Drake se brein deurgedring dat hulle nie eens in staat is om te besef hoe nietig hulle werklik is nie.

Nou eers snap hulle hoe 'n gawe versameling van goeie mense die Ou Here is. Hier word probeer om 'n goeie gees te handhaaf en elke Draak doen, of behoort daaraan mee te doen.

J. BINGLE.

(Hy moet oppas dat die eerste indruk van die eerste afdruk van 'n tekkie op sy nagkabaai as hy daar binne in is nie hierdie eerste indruk uitdruk nie.—Red.)

* * *

In jou voorspoed maak jy vriende; in jou teespoed toets jy hulle.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË.

VIR ALLE— SPORTSBENODIGHEDE EN P.U.K.-KLEURE SKAKEL WES-TRANSVAAL-SPORTWINKEL Kerkstraat 57, POTCHEFSTROOM.


POTCHEFSTSROOM DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.

PROBEER ONS VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

MODERN FURNITURE MART
KERKSTRAAT 128,
VIR AL U MEUBELS.
„DE WALD RADIOS” in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.

## *KEN U HULLE?*




(Vervolg van bls. 9, kol. 2).

Hoewel baie van die ou staatmakers ons verlaat het, is al die speelsters vasberade om weer vanjaar skoonskip te maak met alle teenstand in Wes-Transvaal en om ook die Unieskild vanjaar 'n tuiste aan die P.U.K. te laat vind.

Dan om nie eers te praat van die pakke wat vir U.K.O.V.S. en U.P. wag nie! Vanjaar gaan teen die Tukkies net netbal gespeel word. Maar wat verlede jaar reg gekry is, kan vanjaar weer: Tuks verloor!

**Meester Botha** neem vanjaar die afrigting waar en daar word gehoop om vier spanne in die veld te stuur. Dus, Pukkies, almal wat kan speel of wat wil leer speel, kom!

* * *

**JUKSKEI.**

Op die gebied van jukskei is daar in Suid-Afrika net een span: Die Pukke sin! Hulle is genoeg vir enige provinsiale span, soos die afgelope drie jaar al getoon het. Aan hul sê ons ook: Behou die prestige wat reeds behaal is.

---

### DIE STADSNOOI.

Haar wese is skerts, sy gaan haar weg met grote lawaai.
Gehoorsaam op die lange weg na Sodom.
'n Portret van „hom" in haar laai
„Ag! jammer hy is so dom."

* * *

### TROU.

Ek hou van 'n man wat sy vrou kan slaan,
Ek hou van 'n man wat op sy kop kan staan,
'n Meisie kan bekyk,
Na 'n gek kan lyk
En 'n ander vryer op sy pens kom slaan.

J. A. BOTHA, M.A.Triek.

---

## RESEP VIR 'N DOOR.

½ koppie gewolle hoof.
10 teelepels matriek-kompleks.
3 eetlepels goorheid.
½ lb. ultra "New Look."

Gooi al die bestanddele tussen die laboratoriums in en laat dit goed verdwaal. Voeg 'n knippie „Môre Juffrou" om elke draai by, laat dit met die hande agter die rug en die tone bymekaar staan vir 'n kwartier en bedien aan die ou-here met neergeslane oë.

(Ons opvoedingswerk slaag: Sy het al 'n vae idee gekry van die Gold Rush.—Red.)

VRA VIR DIE
Beroemde
*"Bennie Osler"*
RUGBY STEWELS
**„GRAND CHALLENGE", "INTERNATIONAL" EN "JUNIOR"**
vanaf **32/6**
* * *
**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**
**(EDMS.) BPK.**
**POTCHEFSTROOM.**

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL
Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**
BY
**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)
**Posbus 221.** **Foon 440.**

**W. J. GROBBELAAR**
DAMES EN HERE HAARKAPPER.
*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*
*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*
BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.
Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.
**Tel. 330.** **KERKSTRAAT 92,** **POTCHEFSTROOM.**

## *LIEFDESGELUK.*

(Opgedra aan E.K.)
Deur: W. J. de Klerk.

As ek op jou blanke voorhoof
harelokkies effens stryk
en my hande aan jou slape
in jou ogies diep in kyk,

voel jy dan my sielemaatjie
dat my hart het jy gewen,
sonder dat ek met my lippe
al my saligheid beken?

Sou dan duisend woorde ooit kan
meen wat ek tot jou wil sê
as ek op jou bruine lokke
seënend my hande lê?

As ek op jou blanke voorhoof
harelokkies effens stryk
en my hande aan jou slape
in jou sielvol ogies kyk

voel ek my soos jou behoeder-
kragtig soos die oggendstond,
en my hoop wil spreek in liefde
van my kusse op jou mond.

('n Lid van die redaksie het op hierdie praguiting van gemoedsontroering in die digter se hamer afgekom terwyl hy (die skrywer) nog in 'n trans van liefdesvervoering verkeer het, en besluit om hierdie gedig wat tintel in skoonheid van ons gevoelvolle minnaar die lig te laat sien. Gloedvol soos die oggendstond is hierdie beminlike uiting dan ook. E.K. moes ongetwyfeld voor hierdie oorweldigende aanslag geswig het en haar oorgegee het aan die liefde van so 'n kunstenaar-minnaar. Die digter het 'n toekoms voor op die gebied van die liefde: sy dag breek nou eers aan.—Red.)

* * *

'n Skerp tong is die enigste geslypte instrument wat skerper word van gedurige gebruik.—(Washington Irving)


STUDENTE!

Vanaf 1 April a.s. sal

**DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK**

**(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.)**

nie alleen in daad maar ook in NAAM in POTCHEFSTROOM verteenwoordig word. Vanaf genoemde datum sal ons handeldryf onder die naam van:

**DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK**

in die ou "Herald" Geboue (Kerkstraat 110)
wat tans herbou word in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir:

BOEKE, SKRYFBEHOEFTES en PRESENTE.

Ondersteun u Afrikaanse besigheid!

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK
Posbus 149. Foon 363
Potchefstroom
(Voorheen: DIRK PONS & KIE.)
**KERKSTRAAT 110,**


## *LENTE*


'n Roos ontvou
in môredou
wat blink wit strale vang;
Dis 'n skoonheidsglans
van sonnekrans
wat om die rosie baan.

Die lentekleur
en blommegeur
bied frisheid onverwelk;
Dis jonkheidslag
van lentedag
na winters onweerskelk.

L. S. KRUGER.

* * * *

Geduld is die kennis om te koop.—(V.)


**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**
Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**



Probeer ons eerste vir u

***WINTERBENODIGHEDE***

GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.

:o:

BOTHA GOOSEN

Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.